

HABAKUK

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet wie se profesieë volgens oorlewering daarin opgeneem is. Daar is onsekerheid oor wat die naam Habakuk beteken.

Habakuk is in die Joodse en Christelike kanons die agtste boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*.

Die skrywer van die boek is onbekend. Uit die gebruik van die woord •*Sela* (3:3,9,13) en die musikale aanduidings (3:1,19) maak sommige geleerdes die afleiding dat Habakuk 'n profeet was in die tempel in Jerusalem.

Oor die tyd en plek van die boek se ontstaan is daar ook onsekerheid. Die verwysing na die Galdeërs (1:6) dui vermoedelik daarop dat die boek verbind kan word met die opkoms van die Babiloniese Ryk wat Jerusalem en die tempel in 586 vC verwoes het. 'n Ontstaansdatum na aan 600 vC tydens die regering van koning Jojakim, lyk waarskynlik.

Die eerste lesers van die boek was vermoedelik van die personeel by die tempel in Jerusalem. Sommige geleerdes meen dat die boek Habakuk dalk die eerste keer voorgedra is by 'n boetedag.

Met die uitsondering van enkele reëls is die hele boek *Habakuk* oorgelewer as poësie. Die vyf wee-uitsprake bind hoofstuk 2:6-19 as 'n eenheid saam, en die klag in 1:2 oor God se stilte en die oproep tot swye in 2:20 bind die twee hoofstukke saam. Hoofstuk 3 vertoon die styl van talle psalms.

Habakuk kan beskou word as 'n geloofsreis van die profeet. Hy beweeg van intense vertwyfeling en die beskuldiging dat die HERE nie hoor as hy om hulp roep nie, deur die ervaring van die betroubaarheid van die HERE se belofte dat goddeloosheid beëindig word, tot onvoorwaardelike geloofsvertroue in die HERE.

Habakuk kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-17 Treurlied oor verval in die samelewing

2:1-20 Oordeel oor die Galdeërs

3:1-19 Gebed van Habakuk

1

Opskrif

¹ *Die profesie.^a Dit is wat Habakuk, die profeet, gesien het.

Treurlied oor verval in die samelewing

² *Hoe lank nog, HERE?

Ek roep om hulp,

maar U luister nie;

ek roep uit na U, “geweld!”,

maar U verlos nie?

³ *Waarom laat U my onreg ervaar,

*1:1 Nah 1:1

^a1:1 **profesie:** Kan ook vertaal word “uitspraak”, “uitspraak van God” of “aankondiging”.

*1:2 Job 19:7; Ps 22:3; 94:3; Miga 6:12

*1:3 Ps 55:10; Jes 5:7; 46:12

en leed, terwyl U toekyk?
Vernietiging en geweld
is reg voor my.
Twis ontstaan en rusie neem toe.

⁴ *Daarom het die wet
sy krag verloor,
en tree die reg
glad nie meer na vore nie;
maar goddeloses
omsingel die regverdige.
Daarom is die reg so verdraaid.

⁵ “*Kyk na die nasies en let op;
wees verslae, verstom;
want daar gaan iets
in julle dae gebeur;
julle sal dit nie glo
as dit vertel word nie!

⁶ * Ja, kyk, Ek gaan die Galdeërs^b
laat optrek
— die verbitterde
en voortvarende nasie —
wat oor die breedte
van die aarde gaan
om woonplekke in besit te neem

* **1:4** Ps 22:12-13; Jer 8:7; Am 5:7

* **1:5** Jes 28:21; Hand 13:41

* **1:6** Deut 28:49; 2 Kon 24:1; Jer 5:15; 6:22; Eseg 21:31

^b**1:6 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

wat nie aan hulle behoort nie.

⁷ *Skrikwekkend, vreesaanjaend

is hierdie nasie;

van homself gaan sy reg

en oppermag uit.

⁸ *Vinniger as luiperds is sy perde,

ratser as wolwe in die skemer.

Sy ruiters kom aangejaag,

sy ruiters wat van ver af kom.

Hulle vlieg soos arende

wat afduik om te vreet.

⁹ Elkeen is uit op geweld;

hulle hele voorhoede

is 'n oostewind;^c

dit maak krygsgevangenes

bymekaar soos sand.

¹⁰ *Hierdie nasie dryf

met konings die spot,

en regeerders is vir hom 'n grap.

Vir elke versterkte stad lag hy;

hy hoop grond teen

die stadsmuur op,

en neem dit in.

* **1:7** Jes 47:8; Sef 2:15

* **1:8** Job 9:26; Klaagl 4:19; Nah 2:5; Sef 3:3; Matt 24:28

^c **1:9 hulle ... oostewind:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Kan ook vertaal word “die volheid van hulle voorhoede is ooswaarts”. Die oostewind is in Palestina 'n vernietigende woestynwind.

* **1:10** Jer 30:5; 32:24

¹¹ *Dan gaan die wind verder
en steek grense oor;
en hy word skuldig,
die een wie se krag sy god is.”^d

¹² *Bestaan U dan nie
van altyd af nie, HERE,
my God, my Heilige?^e
Ons gaan tog nie sterf nie?^f
HERE, het U hom bestem as oordeel?
O Rots, het U hom beskik
as teregwysing?

¹³ *U wie se oë te rein is
om boosheid te aanskou,
wat nie kan toekyk
waar daar leed is nie —
waarom kyk U toe as mense
verraderlik optree;
waarom swyg U wanneer

***1:11** Job 12:6; Jes 10:13; Jer 9:22; Dan 4:27; 11:38; Hos 5:15

^d**1:11 en hy ... god is:** Een van die •Qumran-geskrifte lui “hy maak hierdie krag van hom sy god”.

***1:12** Deut 33:27; Ps 74:12; 90:1; 118:17; 149:2; Jes 10:5-7; 43:15; Jer 5:18; 25:9; Mal 3:6

^e**1:12 Heilige:** 'n Wesenskenmerk van God. Sy heiligheid kan egter nie werklik beskryf word nie. Wie in sy nabyheid kom, word bewus daarvan.

^f**1:12 Ons ... sterf nie:** Die oorgelewerde tekstradisie is hier moontlik deur die antieke Joodse skrywers verander. Daar is aanduidings dat die teks oorspronklik gelui het “U kan nie sterf nie”.

***1:13** Deut 23:15; Jer 12:1

goddeloses
dié verswelg wat regverdiger is
as hulle?

¹⁴ U maak mense
soos visse van die see,
soos krioelende seediere
wat nie 'n heerser het nie.

¹⁵ * Met sy hoek trek hy
hulle almal uit;
hy sleep hulle uit in sy skepnet
en versamel hulle in sy fuik.
Daarom is hy bly en juig;

¹⁶ * daarom offer hy vir sy skepnet
en brand hy wierook vir sy fuik;
want danksy sy nette
is sy deel van die buit vet
en is sy maaltyd ryk.

¹⁷ * Sal hy sy skepnet so bly uitskud
en aanhou om nasies
genadeloos uit te moor?

2

Oordeel oor die Galdeërs

¹ * Op my wagpos wil ek gaan staan;
ek wil stelling inneem

* **1:15** Jer 16:16; 50:11; Hab 2:5

* **1:16** Hab 1:11

* **1:17** Jer 25:12

* **2:1** Ps 85:9; Jes 21:6; Eseg 33:7

op die vestingmuur,
op die uitkyk wees om agter te kom
wat Hy vir my gaan sê
en wat ek mense^g moet antwoord
oor my verwyt.

²*Die HERE het my toe geantwoord; Hy het gesê:

“Skryf die openbaring neer;
skryf dit duidelik op kliptafels,
sodat iemand dit maklik kan lees.^h

³**Want die visioen wag nog
vir die vasgestelde tyd;
dit getuig van die einde
en sal nie teleurstel nie.

As dit talm, wag daarop,
want dit kom vir seker,
dit sal nie uitbly nie.

⁴Kyk, hy wat nie opreg is nie,
kwyn wegⁱ —

^g2:1 mense: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*2:2 Deut 1:5; Jes 8:1; Dan 7:1

^h2:2 sodat ... lees: Kan ook vertaal word “sodat een wat dit lees daarmee kan hardloop”.

*2:3-4 Heb 10:37-38 •Septuagint

*2:3 Num 23:19; Jes 7:4; Klaagl 3:26; Eseg 30:9; Dan 8:19; 10:14; Miga 7:7; 2 Pet 3:9

ⁱ2:4 hy ... weg: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

maar die regverdige —
deur sy betroubaarheid
sal hy lewe.^j

⁵ *Buitendien, wyn^k is verraderlik.

Die sterke is vermetel,
maar hy sal nie sy doel bereik nie,
hy wat sy keel so wyd oopsper
soos die •doderyk,
hy wat soos die dood is,
wat nie versadig word nie,
wat al die nasies
by hom versamel het,
en al die volke om hom
bymeekaargemaak het.

⁶ *“Sal juis hulle nie almal saam
oor hom 'n spotlied
laat opklink nie,
ja, 'n spreuk, raaisels oor hom?

Daar sal gesê word,
‘Wee hom wat dít vermeerder
wat nie aan hom behoort nie,
— hoe lank nog? —

^j2:4 **regverdige ... lewe:** Die •Septuagint lui “deur my betroubaarheid sal hy lewe”. Dele van hierdie vers word op verskillende maniere aangehaal in die NT; vgl Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:37-38.

^{*}2:5 Spr 27:20; Jes 14:6; Dan 5:1-4; Hab 1:15

^k2:5 **wyn:** Een van die •Qumran-geskrifte lui “rykdom”.

^{*}2:6 Jes 5:8; Miga 2:4

wat homself met bruikleen belas.

⁷ Sal dié wat van jou rente gaan eis,
nie skielik opstaan nie,
ja, dié vir wie jy beangs is,
wakker skrik,
en jy dan die buit vir hulle word?

⁸* Omdat jy baie nasies
geplunder het,
sal al die volke wat oorbly,
jou plunder
oor die bloedvergieting
van mense,
die geweld teen lande, stede
en almal wat daar woon.’

⁹* “Wee hom wat onregverdige wins
maak vir sy huis,
om sy nes in die hoogte te bou
en homself van die mag
van onheil te red.

¹⁰ “Jy het skande bewerk
vir jou huis;
deur 'n einde te maak
aan baie volke,
het jy jou lewe verbeur.

*2:8 Jes 33:1; Jer 50:10; 51:13

*2:9 Jer 17:11; 22:23; 51:53; Luk 12:21

¹¹ *Want klippe roep uit die mure
om hulp,
en balke uit die houtwerk
antwoord hulle.

¹² *“Wee hom wat stede bou
met bloed,
en dorpe vestig met onreg.

¹³ *Kyk, is dit nie die HERE,
Heerser oor alle magte,
wat dit beskik,
dat volke hulle afsloof
vir wat opgaan in rook,¹
en nasies hulleself moeg maak
vir niks nie?

¹⁴ * Ja, die aarde sal gevul word
met die kennis
van die heerlikheid van die HERE
soos water die see oordek.

¹⁵ “Wee hom wat sy medemens
laat drink,
wat sy gif daarby voeg,
hulle selfs dronk maak,

***2:11** Job 31:38; Luk 19:40

***2:12** Jer 22:13; Miga 3:10

***2:13** Jer 51:58

¹**2:13 vir wat ... rook:** Die bronteks lui “vir vuur”.

***2:14** Ps 72:19; Jes 11:9; Hab 3:3

sodat hy hulle geslagsdele
kan bekyk.

¹⁶ Ja, jy gaan met skande
versadig word, in plaas van eer.
Drink jy ook, en ontbloot jouself!
Die beker in die regterhand
van die HERE
sal by jou verbykom,
en skande sal jou eer oortref.

¹⁷ *Want die geweld teen Libanon
sal jou oorweldig
en die vernietiging van diere
sal jou^m beangs laat,
ja, die bloedvergieting van mense,
die geweld teen lande, stede
en almal wat daar woon.

¹⁸ **“Watter nut het 'n gesnede beeld
as sy maker hom uitgekerf het?
Dit is 'n gegote beeldⁿ
en 'n leermeester van leuens.
Ja, hy vertrou op die maaksel
wat hy self geskep het.

***2:17** Jes 14:8; Jer 22:23

^m**2:17 jou:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle”.

***2:18-19** Jes 44:9-10; 1 Kor 12:2

***2:18** Rig 17:4; Ps 115:4; Jes 44:9; Jer 2:8; 10:8; Sag 10:2

ⁿ**2:18 gegote beeld:** Dit verwys ook na 'n beeld wat uit hout gevorm en met goud- of silwerfoelie oorgetrek is.

Wat baat dit^o om stom,
nuttelose afgodsbeelde te maak?
¹⁹ *Wee hom wat vir 'n stuk hout sê,
‘Word tog wakker!’
en ‘Staan op!’ vir 'n stom klip.
Kan dié ding jou iets leer?
Kyk, hy is wel oorgetrek
met silwer en goud,
maar daar is geen lewensasem
in nie.

²⁰ *Maar die HERE
is in sy heilige tempel^p —
wees stil voor Hom, o ganse aarde!”

3

Gebed van Habakuk

¹ 'n Gebed van Habakuk, die profeet. Op die wysie van Sjighjonoot.^q

² * HERE, toe ek van u roem
gehoor het,
is ek met ontsag vervul.

^o2:18 **Wat ... dit:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie.

*2:19 Jes 44:17; Jer 2:27

*2:20 Ps 11:4; Sef 1:7

^p2:20 **heilige tempel:** Iets is heilig wanneer dit vir God afgesonder word of deur Hom heilig verklaar word.

^q3:1 **Sjighjonoot:** Oor die betekenis van die term is daar onsekerheid; dit is waarskynlik 'n musiekterm vir 'n bepaalde soort lied; vgl Ps 7:1.

*3:2 Ps 25:6

U dade, HERE,
 maak dit 'n werklikheid
 in hierdie tye;
laat dit in hierdie tye bekend word.
Onthou om barmhartig te wees
 te midde van ontsteltenis.

³ *Toe God uit Teman kom,
 die Heilige^f
 van die Paranberge,^s •Sela
het sy luister die hemelruim bedek,
 sy lof die aarde gevul.

⁴ *Skitterend soos sonlig
 was die ligstrale uit sy hand;
daarin het krag geskuil.^t

⁵ *Voor Hom loop pessiektes,
op sy spore volg plaë.

⁶ *Hy het gaan staan,
en die aarde laat bewe;
Hy het net gekyk,
en die nasies laat opspring.

***3:3** Deut 33:2; Jer 49:7; Hab 2:14

^f**3:3 Heilige:** Heiligheid is 'n wesenskenmerk van God wat nie beskryf kan word nie. Wie in sy nabyheid kom, word bewus daarvan.

^s**3:3 Paranberge:** Dit is 'n bergreeks in die Sinai-skiereiland.

***3:4** Ps 104:2; Eseg 1:27; 43:2; Sef 1:14

^t**3:4 daarin ... geskuil:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***3:5** Lev 26:25

***3:6** Eks 15:14; 19:18; Job 9:5; Ps 97:5; 104:32

Die oeroue berge het verbrokkel,
die ewige heuwels het laag gebuk.
Die ewige wentelbane van die sterre
behoort immers aan Hom.

⁷ *Ek het gesien die tente van Kusan
verkeer in nood,
die tentdoeke van die land Midian
sidder.

⁸ * HERE, het u woede
teen die riviere ontvlam?
Is u toorn teen die riviere,
of is u wrewel teen die see gerig,
dat U met u perde
op u strydwaens ry
vir verlossing?

⁹ *U boog is heeltemal ontbloot,
“sewe knuppels!”
was die bevel;^u •Sela
vir strome kloof U die aarde oop.
¹⁰⁻¹¹ *Berge het U gesien,
hulle het ineengekrimp;

*3:7 Eks 2:15

*3:8 Deut 33:26

*3:9 Ps 78:16

“3:9 sewe ... bevel: Hierdie versreël word op verskillende maniere vertaal. Die •Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “besweer is die pyle deur 'n woord”.

*3:10-11 Eks 19:16; Jos 10:12-13; Ps 68:8-9; 77:17

'n donderende wolkbreuk
het verbygetrek;
die oerwater het sy stem laat hoor.
Hoog het die son sy hande gelig;
die maan het stilgestaan
in sy hoë woning,
vir die lig van u pyle
wat verbyvlieg,
vir die glans van u blitsende
spies.

¹² *In toorn stap U oor die aarde,
in woede trap U nasies plat.

¹³ *U trek op tot die redding
van u volk,
U kom tot die redding
van u gesalfde.^v
U verpletter koppe;
U ontbloot die binneste
van die goddelose
van die heup tot die nek.^w •Sela

***3:12** Ps 90:7; 110:5; Sag 1:15

***3:13** Ps 68:22

^v**3:13 gesalfde:** Dit verwys hier waarskynlik na God se volk.

^w**3:13 ontbloot ... nek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks,
en dit word verskillend vertaal.

¹⁴ U splyt met sy knuppels
die koppe van sy magtiges
wanneer hulle aanstorm
om my te verstrooi,
wanneer dit hulle vreugde is
om die weerlose
in 'n skuilplek te verslind.^x

¹⁵ *U het met u perde die see getrap,
daardie skuimende watermassa.

¹⁶ *Toe ek dit hoor,
het my ingewande geril,
vir die geluid daarvan het my lippe
gebewe,
'n lamheid het in my gebeente
gekom;
ja, ek het daar gestaan en bewe,
want ek moes wag vir die dag
van benoudheid om aan te breek
vir die volk wat ons aanval.

¹⁷ * Al sou vyebome nie bot nie,
daar geen opbrengs
aan die wingerdstokke wees nie,

^x**3:14 splyt ... verslind:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***3:15** Ps 77:20

***3:16** Ps 119:120; Jes 21:3; Jer 4:19; Klaagl 1:20; Dan 10:9

***3:17** Deut 28:30; Luk 13:6

die drag van die olyfbome
teleurstel,
die landerye niks te ete
lewer nie,
kleinvee uit die kraal verdwyn
en geen beeste in die stalle
oor wees nie;
¹⁸ *noggans sal ek jubel in die HERE,
sal ek juig in die God wat my verlos.
¹⁹ *Die HERE, my Heer, is my krag,
Hy maak my voete
soos wildsbokke,^y
op my hoë plekke laat Hy my loop.

Vir die •musiekleier. Met snarespel.

***3:18** 2 Sam 6:15; Ps 104:34; Jes 25:9; 61:10; Joël 2:23; Miga 7:7; Luk 1:47; Rom 5:11; Fil 3:1; 4:4

***3:19** Deut 33:29; Ps 18:34; Jes 58:14; Fil 4:13

^y**3:19 wildsbokke:** Die boksoort waarna die bronteks verwys, is waarskynlik die rooitakbok.